KÉRUGMA® BULLETIN

Posbus 1367
KUILSRIVIER
7579
Suid-Afrika
Tel +27+(0)21 903 1901
Fax +27+(0)21 906 2637
Web: www.kerugma.org.za
E-pos: info@kerugma.org.za

VOLUME 9.2

MEI 2007

… verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. 2 Tim. 4:2

LUISTER ONS NET NA GERUSSTELLENDE WOORDE?

-MARINA LE ROUX

In die Maart 2007 uitgawe van die nuusbrief van Stem van die Martelare vertel een van hulle koeriers van 'n gesprek wat hy met 'n Chinese Christen gehad het oor die kerk in China. Die man het hom vertel dat hy die offisiële Drie-Self kerk (wat deur die kommunistiese regering ondersteun word) bygewoon het. Hy het daar gesit en goed gevoel omtrent die kerk, tot op 'n dag toe hy die ondergrondse huiskerkbeweging ontdek het. Hy het so 'n huiskerk bygewoon. Dit is gelei deur een van die christenleiers wat geweier het om by die Drie-Self kerk aan te sluit omdat hy geglo het dat slegs Jesus Christus die hoof van die kerk kon wees, en nie 'n kommunistiese regering nie. As gevolg daarvan is hy vir byna 22 jaar in Chinese tronke en arbeidskampe gemartel.

Die Chinese Christen het gesê dat hy vir byna 2 jaar die Drie-Self kerk en die huiskerk bygewoon het. Toe eers het hy die verskil agtergekom. "Terwyl ek onder die bediening in die huiskerk gesit het, het ek besef dat die Drie-Self kerk my gerus laat voel het. Dit het my beter laat voel: pragtige gesange, pragtige stemme, pragtige woorde, gerusstellende woorde. Maar in die huiskerk was dit soos met Petrus se preek in Handelinge 2. Die mense was diep in hul harte getref en het gesê: 'Wat moet ons doen broeders?' (Hand. 2:37). Onder die prediking in die huiskerk het die gerustheid wat ek in die Drie Self kerk ervaar het, verdwyn. In die huiskerk het die Woord van God diep in my hart ingesny. Dit is die verskil tussen die Drie-Self kerk en die prediking in die huiskerke. Die atmosfeer in die Drie-Self kerk laat my gerus voel, maar die prediking in die huiskerk verwag 'n antwoord: *Wat moet ek doen*?"

Vir almal

BESKIKBAAR

(SIEN BL. 2)

Dit is nie net die Christene in China wat voor hierdie keuse te staan kom nie. Elke Christen in die wêreld staan voor die keuse. Ons kan of in 'n gemaklike patroon inval, waar ons christenskap bestaan uit Bybel lees, bolangse gebede en na preke luister waar ons gewetens nie aangekla word nie. Of ons kan werklik erns maak daarmee om onsself te laat ontbloot deur die Woord van God sodat al ons diepste sondige motiewe en gedagtes aan die lig kom en ons dit kan bely.

In die gedeelte wat hierbo aangehaal is, verduidelik Paulus aan Timoteus dat hy die Woord tydig en ontydig moet verkondig, dat hy sy gemeentelede moet bestraf en vermaan. Hoekom klink Paulus so dringend oor hierdie saak? Hoekom sou dit nodig wees om so klem te lê op die verkondiging van die Woord?

Die rede hiervoor vind ons in 2 Timoteus 3:17. Die Skrif is deur God ingegee met die doel om die gelowiges volkome toe te rus vir hulle dienswerk. Daar is met ander woorde 'n toerusting vir die Christen nodig. Anders kan hy net nie doen wat God hom geroep het om te doen nie. Daarom is dit nodig vir ons as kinders van die Here om nie net die Woord te ken nie, maar dit ook toe te pas. God het sekere standaarde vir sy kinders waarvolgens ons moet leef. Hy verlaag nooit sy standaarde nie. Hy belowe net dat Hy ons in staat sal stel om volgens sy standaarde te leef. In 2 Timoteus 4:17 getuig Paulus dat almal hom verlaat het gedurende 'n baie moeilike tyd in sy lewe. Tog het die Here hom bygestaan en hom krag gegee, *sodat deur my die prediking heeltemal volbring kan word en al die heidene dit kan hoor.*

Paulus het nooit gekla dat dit te moeilik is om God se wil te doen nie. Hy het net meer staat gemaak daarop dat God alles sal voorsien wat nodig is om God se wil op Sy manier te doen.

Wanneer ons nie erns maak daarmee om God se wil op Sy manier te doen nie, word Christenskap niks anders as 'n kultuurpatroon nie. Dit word niks anders as 'n paar goeie gewoontes nie. Dit was egter nooit die plan van God nie. Hy is net geïnteresseerd daarin dat ons in 'n persoonlike verhouding met Hom sal leef. Om dit te kan doen moet ons Hom ken soos Hy is. Sy voorkeure moet ook ons voorkeure wees en Sy planne ons prioriteite. Ongelukkig word ons gebore met

GERUSSTELLENDE WOORDE

'n ingebore weerstand teen Sy wil, sodat selfs na ons bekering ons geneig is om ons eie wil te doen.

Vir 'n kind van God is dit dus baie belangrik om sy hart daarop te sit om God se wil vir elke dag te soek en dit te doen. Soms dink ons dit is te moeilik en net te veel gevra, maar ons Vader weet waardeur ons gaan, en Hy is altyd gereed om ons deur te dra. Ons moet Hom net vertrou en bereid wees om Sy wil te doen, ten spyte daarvan dat dit moeilik is.

Dawid was 'n man na God se hart. Hoekom? Handelinge 13:22 sê dat God hom gekies het omdat Hy geweet het dat Dawid sy wil sou doen. As jong seun was Dawid getrou as skaapwagter. Wanneer leeus en bere sy pa se skape wou vang, het hy God vertrou om hom te help. Hy het nie sy eie lewe probeer beskerm, gevlug en die skape gelos om verskeur te word nie. Toe die reus Goliat kom, was Dawid nie bang nie, want hy het ondervinding gehad van God se getrouheid.

Daarna het hy keer op keer veldslae gewen. Hy kon, op grond van sy vorige ondervindings van God se getrouheid, op Hom vertrou.

Soveel keer wil God vir ons dinge leer, maar omdat ons Hom nie genoeg vertrou om Sy wil te doen nie, moet ons weer en weer deur soortgelyke ondervindings gaan, sodat ons daardie lesse kan leer. Hy kan ons nie verder gebruik teen 'n Goliat of teen die leër van die Filistyne as ons nie eers in die geringste getrou was nie.

Wanneer hy praat, luister ons? Of skuil ons liewer daar waar ons gehoor gestreel word? Kom ons begin deur getrou te wees aan die opdrag van die Goeie Herder wat vir sy skape sê: *Pasop vir die valse profete ...* Hulle mag sagte wolpakke dra, gerusstellende woorde spreek, maar hoe lyk hulle van binne? Jesus noem hulle *roofsugtige wolwe* (Mat. 7:15). Luister ons na hul mooi woorde of volg ons die Here Jesus?

CD'S MET REEKSE PREKE DEUR RANDALL SMITH

Die CDs kom in netjiese houers wat ± 4 CDs elk bevat. Die reaksie van diegene wat reeds van die CD's geluister het, is uiters positief.



Reekse reeds beskikbaar:

The Book of Nehemiah
(13 CDs)
1 Corinthians 7-16
(12 CDs)
The Book of Daniel
(11 CDs)
The Revelation to John
(13 CDs)
The Letter to Ephesus
(6 CDs)
The Letter of James
(4 CDs)
The Story of Jonah
(4 CDs)

Vir almal wat vir ons gebid het vir die afgelope studietoer na Israel, baie dankie. Dit was regtig 'n baie suksesvolle toer. Bid asseblief steeds vir die redigering van al die DVD's.

'N OPROEP UIT ZAMBIË

I have in the past recent months from Oct into March distributed over 200 videos from your ministry which were donated to me by missionary Robert Zins. They finished like hot cakes and many Christians, bookshops and churches have contacted me if I could provide them with DVDs instead.

So begin 'n brief wat ons onlangs ontvang het.

Oktober verlede jaar het ons die geleentheid gekry om 'n klompie video's gratis saam met 'n sendeling, wat Zambië met 'n bakkie sou besoek, te stuur. Hy het 'n deel daarvan aan 'n paaslike Christen, Joas Chihangu, die skrywer van die brief, gegee. Nou is daar hierdie navraag vir DVD's. Ons weet dat Joas nie oor die nodige fondse beskik om DVD's te bestel nie, maar verskillende persone wat hom goed ken, bevestig dat hy wel dit wat 'n mens vir hom gee, baie effektief versprei.

Joas verseker ons dat daar 'n groot behoefte is aan lering wat die misleiding in die kerke ontbloot, asook lering wat lig werp op hedendaagse gebeure uit die Skrif. Ons weet ook dat waar die kinders van die Here die Woord goed ken en verstaan hulle baie gou sien wanneer misleidende geeste aan die werk is.

Daarom wil ons graag aan Joas se versoek voldoen en soveel as moontlik van ons DVDs aan hom stuur.

Ons neem dus die vrymoedigheid om te vra dat elkeen van u wat ervaar dat die Here u so lei, ons sal help om die nodige DVDs vir Joas te kan stuur. Daar kan regtig soveel gedoen word om die pastore toe te rus om die Woord te verkondig.

Ons bankbesonderhede is op die meegaande pryslys. Sal u dit asb. net aandui as **Projek Zambië**.